

Pretoria Brief 09/09  
September 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier volg 'n stukkie uit die geskiedenis van een van die bekendste hotelle van ou Pretoria.

### Die European Hotel

Die hotel was vir baie jare 'n baken op Kerkplein. Almal het geweet waar die hotel was. Baie groot onthale en ook vergaderings is daar gehou. Dan het die hotel ook diens gedoen vir wat ons vandag as "Computicket" ken. Meeste konserte en ander vertonings se kaartjies was by die European Hotel beskikbaar.

Die erf waarop die hotel gestaan het [ou nommer 382] was vroeg reeds verdeel in twee dele, 'n oostelike deel en 'n westelike deel. Alhoewel hulle nooit die eienaars van die hotel was nie het die oostelike deel van die erf voortdurend in besit van die Pretorius-familie gebly. In 1860 skenk M.W. Pretorius die oostelike deel aan Christiaan Petrus Pretorius, wat dit in 1866 laat transporteer op die naam van Nicolaas Jacobus Pretorius. In 1884 kom dit weer terug op die naam van C.P. Pretorius, wat dit in 1887 aan die staat verkoop vir die oprigting van die Ou Raadsaal [Pr-005 p8-9; Pr-006 p16]. Die Ou Raadsaal staan op Erwe 383 en 382.



[Dun-01 p18]

In 1877 word die Transvaal deur Engeland geannekseer. Hierdie is 'n foto van 'n militêre parade op Kerkplein tydens die anneksasie. Die presiese datum waarop die foto geneem is is nie bekend nie. Die gebou heel links op die foto is die eerste Goewermentsgebou. Die wit gebou met die naambord op die stoep se dak is die European Hotel. Die dubbelverdiepinggebou skuins agter die hotel is die "Red Brick Store" van R.C. Green.

Carter & Co. adverteer in 1878 dat hulle die eienaars is van 'n nuwe restaurant, The Gridiron, wat so pas ge-open het. Mnr. Canile is die kok en die beste en sappigste tjops en steak in Pretoria word bedien. Die groot eetkamer [50 vt x 20 vt] is ook beskikbaar vir funksies en onthale [V 1878-05-14]. Ek dink die boere het maar gesukkel om die snaakse naam reg uit te spreek en net twee weke later word berig dat The Gridiron van Carter & Co. voortaan bekend sal staan as The European Hotel [V 1878-05-21].

In 'n ander advertensie word die hotel beskryf as geleë tussen R.C. Green se Red Brick Store en die Hooggeregshof [V 1878-05-28].

Edward F. Sandeman besoek Pretoria in Mei 1878. In sy boek "Eight months in an ox-waggon" beskryf hy die European Restaurant as volg: "While we were in Pretoria a restaurant, the European, was opened, and rapidly cut out the Edinburg [hotel] in the custom of all those who lived at table d'hôtes; and no wonder, for I there had better cooking, better attendance, better plate and better liquors, than I had come across anywhere else in the whole of South Africa, outside the three clubs. The two proprietors have put their hearts into the business; and, although socially far above the greater part of their customers, are far more attentive and obliging than the ordinary hotel-keepers. I know it made me feel quite uncomfortable at first to have my plate of soup and glass of sherry brought to me by one who was formerly first among the football team at Eton, and a deservedly popular member of society in England" [Bol-01 p28].

Wie Carter & Co. was kon ek nie vasstel nie. In 1873 word in De Volksstem [V 1873-10-03] berig dat H. Carter in Pretoria aangekom het en tuisgaan in Gainsford's Hotel. 'n Jaar later in 1874 het "De Heer Carter" [geen voorletters word gegee] Geyser se plaas De Fontaine, waar die Apiesrivier sy oorsprong het, gekoop vir £1250. Dit is 'n baie mooi plek en hy be-oog om daar 'n uitspanning en piekniekplek te maak.

Regter Kotze noem in sy biografie dat Carter, eienaar van die European Hotel, in 1879 die voedsel voorsien het tydens die verwelkomingsete van Sir Bartle Frere in die Ou Raadsaal [Kot-02 p591].

Diesefde jaar maak A.A. Anderson 'n tekening van die aankoms van hoofman Sekoekoeni in Pretoria [All-01 p100; Bol-01 p30]. In die tekening word die hotel blou ingekleur wat beteken dat dit moontlik 'n sinkplaatgebou was. In daardie tyd is daar heelwat sulke geboue in Pretoria opgerig.

In 1880 vind ons dat R.A. Colquhoun nou die eienaar van die hotel is. Wanneer hy dit gekoop het is nie bekend nie. Volgens 'n berig in De Volksstem [V 1880-10-09] is die aanbouings nou voltooi. Die hotel het nou 'n tweede verdieping bygekry.

Die volgende jaar vertrek R.A. Colquhoun na Engeland en tydens sy afwesigheid sou Thomas Colquhoun volmag hê om namens hom sake te doen [V 1881-10-29]. Net 'n paar maande later word berig dat hy op 21 Desember 1881 in Engeland getroud is met Adeline Reddy [V 1882-01-28].

Terug in Pretoria word hul eerste dogter gebore op 24 Oktober 1882. Dit gaan nie goed met sy vrou se gesondheid nie en in Junie 1883 is daar 'n advertensie in die koerant dat Mev. Colquhoun van die European Hotel 'n verpleegster soek [V 1883-06-23].

Colquhoun besluit om terug te gaan na Engeland [ter wille van sy vrou se gesondheid] en die hotel op 'n veiling te verkoop. Volgens die advertensie word slegs die hotel opgeveil en nie die grond nie. Die huurkontrak van die grond is nog geldig tot April 1898. Die hotel bestaan uit 'n eetkamer, kroeg, leeskamers, biljartkamer, 19 slaapkamers en stalle vir 16 perde [V 1883-09-11].

Die nuwe eienaars spring sommer dadelik aan die werk en kort daarna verskyn die eerste advertensie wat sê dat ys nou by die European Hotel van Vorstman & Co. te koop is teen 1 sjieling per pond [V 1883-10-05]



Hier is die nuwe dubbelverdieping European Hotel nadat dit in 1880 verander is. Op die balkon is heelwat gemakstoele. Bo in die middel van die balkon sit twee manne by 'n ronde tafeltjie met twee bottels voor hulle. Die rankplante wat later byna die hele hotel sou toegroei het hier al ver gevorder. Op een plek rank hulle al tot by die dak.

Die European Hotel sowel as die eerste Goewermentsgebou is in 1888 gesloop om plek te maak vir die bou van die nuwe Goewermentsgebou wat vandag as die Ou Raadsaal bekend staan.

### Bronnelys

- All-01 Allen, Vivien. **Kruger's Pretoria**. Kaapstad: A. Balkema. 1971.  
Bol-01 Bolsmann, Eric. **Pretoria: artist's impressions 1857-2001**. Pretoria: Protea Boekhuis. 2001.  
Dun-01 Dunston, Lola. **Young Pretoria 1889-1913**. Lola Dunston: Pretoria. 1975.  
Kot-02 Kotzè, John Gilbert. **Biographical memoirs and reminiscences**. Cape Town: Maskew Miller.  
Pr-05 Rex, H.M. **Enige mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat**. Pretoriana, Deel 2 Nr. 2, Desember 1952.

Pr-06 Rex, H.M. **Enige mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.** Pretoriana, Deel 2 Nr. 3, April 1953.  
V – De Volksstem.

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel

---

**Van Albi Meyer**

Jou brief elke maand is glad nie te lank nie, asseblief! Veral die foto's is baie interessant!

Ek het vandag se stukkie oor Eerste Fabrieke nou baie insiggewend gevind. Ek het ou melkkanne van my oupa geërf waarop "Eerste Fabrieke" gegraveer is. My oupa het sy melk in die oggend per trein na Eerste Fabrieke se stasie gestuur. Die middag kom die melkkanne weer terug (per trein) met die geld binne-in die leë kanne! (En daar was skynbaar nooit 'n voorval van diefstal nie).

Baie toevallig was ek nou die dag self op die stasie by Eerste Fabrieke.

Ons geniet jou briewe baie! Dankie daarvoor.

---

**Van Louw van Deventer**

Baie dankie vir die Augustus Pretoria Brief. Dit het vir my aangename herinneringe gebring aangesien ons gedurende 1951/2 in Eerstefabrieke gewoon het. Toe was daar niks meer oor van die fabrieke nie. Ons het egter nog baie verkillende soorte bottels daar gevind. Dit was basies net 'n paar spoorweghuise en 'n Joodse en Sjinese winkel. My pa was werksaam as stasievoorman. As kinders het ons baie in die Pienaarsrivier geswem en vis gevang. Ons het later ook in Koedoespoort gewoon (ook net 'n spoorwegstasie) met kantore en werksinkels.

---

**Van Adriaan en Susan Swanepoel**

Jy sal jou herinner dat ek in die verlede inligting by jou bekom het oor Tielman de Villiers en AC Vlok, twee inwoners van ou-Pretoria. Ek, en my vrou Susan, het sommige van die inligting gebruik as agtergrond vir 'n boek wat ons geredigeer het. Die boek bevat die briewe wat Tielman de Villiers se eggenote vir haar dogter Maria (Baby) Vlok uit die buiteland geskryf het gedurende die periode 1897 tot 1905. Die briewe bevat talle verwysings en brokkies inligting oor persone wat in daardie tyd in Pretoria gewoon en gewerk het. Meer inligting oor die boek - asook bestelinligting - is beskikbaar op <http://dearbaby.za.net>

---

## Van Johan Victor

Johan het vir my die volgende brief van Colin Pretorius aangestuur.

Vanaf 2002 het Herman Potgieter 'n Pretoriuswebblad bedryf, wat vir baie mense van groot nut was. Ongelukkig is die webblad so 'n paar jaar gelede tot niet gemaak, wat na my mening 'n groot verlies was.

Die GOEIE NUUS is egter dat ek vandag 'n nuwe Pretoriuswebblad kan aankondig. Daar is oor die afgelope paar weke baie ure aan die blad bestee, en ek wil sommer hier ook vir die mense wat meegehelp het, bedank. Veral vir Richard (wie se hulp met die Perl-kode vir die familieboom besonder waardevol was), Herman (vir die beskikbaarstelling van al die data wat hy ingevoer het) en vir Chris (wat met die ander aspekte van die webblad gehelp het). Die webblad beoog om inligting oor die Pretoriusfamilie gratis beskikbaar te stel.

Die volgende afdelings is reeds aanlyn:

- die familieboom (met bykans 24000 individue), asook 'n lys van name en vanne;
- artikels – sover 'n aantal artikels oor die stamvader, die kinders van Wessel Schout/Pretorius en Josyngten Claesdochter van Egmond, die stamvader se tyd op Mauritius, besoek aan Ouddorp en nog ander;
- 'n produkte-afdeling, waar ek Pretoriusverwante boeke, cd sowel as hardeband, beskikbaar wil stel;
- 'n argief van Pretoriusverwante grafstene (tans met ongeveer 1400 foto's). Daar sal ook 'n fotogalery wees, wat vroeg volgende week reg behoort te wees. Graag nooi ek julle uit om die webblad te besoek, en natuurlik daarin rond te blaai en vir familie te soek. En as enigiemand enige bywerkings, regstellings, foto's, artikels ensomeer het om by te dra, kontak my asb! Ek is tans juis op soek na familiefoto's wat in die galery geplaas kan word.

Die URL is:

<http://www.pretoriusfamilie.info>

Colin Pretorius

-----